



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 10 APRIL 2013 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl W Wilskut open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 13 MAART 2013**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Maart 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAE TEN OPSIGTE VAN FEBRUARIE 2013

6./...

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag, insluitende die SDBIP, van die Munisipale Bestuurder vir Februarie 2013.

6.2 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Finansiële Dienste vir Februarie 2013.

6.3 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Korporatiewe Dienste vir Februarie 2013.

6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste vir Februarie 2013;
- (b) Dat (op versoek van die Uitvoerende Burgemeester) die aankoop van 'n addisionele belugter vir die Moorreesburg Rioolwerke ondersoek word, sowel as die aankoop van 'n belugter wat kan roteer, of 'n alternatiewe oplossing, om probleme wat by rioolwerke ondervind word so spoedig moontlik aan te spreek;
- (c) Dat, soos vermeld deur die Uitvoerende Burgemeester, die kapasiteit van die Kalbaskraal Rioolwerke vermoedelik bereik is, en dat 'n nuwe behuisingsprojek op hierdie stadium afgekeur sal word weens die onvoldoende kapasiteit van die verouderingsdamme.

6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Februarie 2013.

6.6 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste vir Februarie 2013;
- (b) Dat, aangesien die privatisering van die Yzerfontein Karavaanpark nie verder oorweeg word nie, aandag gegee sal moet word aan die opgradering van die fasiliteite wat insluit, die opgradering van paaie, ablusiegeriewe, ekstra staanplekke, sekuriteit, en so meer en om die tariewe dienooreenkomstig aan te pas;
- (c) Dat, met verwysing na die verslag aangaande waterkwaliteitsmonitering deur die Weskus Distriksmunisipaliteit, en spesifiek ten opsigte van probleme by die opgaarplekke by sportgronde en gholfbane die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar in die 2014/2015 begroting voorsiening gemaak is om die damme skoon te maak.

- 6.7 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)**
6.7.1 SWARTLAND MUNISIPALE POLISIEDIENS (7/1/2/2-3)
6.7.2 BRANDWEERDIENS (7/1/2/2-3)

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van die Direkoraat Beskermingsdienste vir Februarie 2013;
- (b) Dat daar te veel *vehicle checkpoints* gereël word, en dat (op versoek van die Uitvoerende Burgemeester) die fokus van die diens verskuif word in die lig van die min personeel.

7. NUWE SAKE

7.1 BYWONING VAN DIE “INCA-SUMMER SCHOOL” VANAF 12 TOT 14 NOVEMBER 2012 EN DIE DAAROPVOLGENDE UITNODIGING OM 'N STUDIETOER NA FRANKRYK MEE TE MAAK VANAF 8 – 16 JUNIE 2013 (4/6/2)

[Die Munisipale Bestuurder verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking.]

Die Munisipale Bestuurder en mnr Leon Fourie was van die “gekeurde” personeel vanuit die 278 munisipaliteite wat die INCA se Somerskool vanaf 12 tot 14 November 2012 bygewoon het.

Na afloop van voormelde geleentheid is ses kursusgangers (uit veertig) genomineer om as 'n verlengstuk van die skool 'n studietoer na Frankryk mee te maak, waarvan die Munisipale Bestuurder ook 'n uitnodiging ontvang het.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die uitnodiging aan die Munisipale Bestuurder om die studietoer vanaf 8-16 Junie 2013 na Frankryk mee te maak, en dat goedkeuring dienooreenkomstig verleen word;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat INCA vir die vlug- en verblyf koste na en van Frankryk betaal, maar dat die uitgawe vir die retoervlugkaartjie, Kaapstad-Johannesburg, sowel as die S&T ingevolge die SARS tabelle teen posnommer 05-08-5200-1532 (External Affairs) verreken word;
- (c) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste volmag kry vir die bepaling van die wisselkoers, 'n dag voor die uitbetaling sowel as die uitbetaling aan die Munisipale Bestuurder;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat 'n waarnemende Munisipale Bestuurder nader aan die tyd en na gelang van die Direkteur se beskikbaarheid, aangewys sal word.

7.2 HULP AAN STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT TEN OPSIGTE VAN DIE VERKRYGING VAN 'N SKOON OUDIT (5/15/1/1)

Tydens die SALGA *Provincial Members Assembly* (PMA) wat op Stellenbosch op 7 Februarie 2013 plaasgevind het, het elke munisipaliteit aangetoon óf op watter area hulp verlang word, óf op watter area hulp aan 'n ander owerheid verleen kan word.

Die Uitvoerende Burgemeester het op die vergadering Swartland Munisipaliteit bereid verklaar om 'n munisipaliteit by te staan in die verkryging van 'n skoon audit. Skriftelike bevestiging is vanaf Stellenbosch Munisipaliteit ontvang dat hul graag van die aanbod gebruik sal wil maak.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die aanbod wat die Uitvoerende Burgemeester tydens die SALGA PMA van 7 Februarie 2013 gemaak het om een owerheid van hulp te wees met die verkryging van 'n skoon audit;

7.2/...

- (b) Dat daar kennis geneem word dat Stellenbosch Munisipaliteit se aansoek om hulp, eerste ontvang is en dat die versoek deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder van Stellenbosch, onderteken is;
- (c) Dat daar kennis geneem word van die Verwysingsraamwerk soos deur die Munisipale Bestuurder voorgestel is, welke raamwerk as 'n konsep beskou word vir die interaksie met Stellenbosch.

7.3 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE TOT 31 MAART 2013 (8/1/B/2)

Die *Supply Chain Management Regulations* vereis dat daar kwartaalliks verslag gedoen word aan die Uitvoerende Burgemeester aangaande die werksaamhede van die Voorsieningskanaalbestuursafdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag vir die periode 1 Januarie tot 31 Maart 2013 van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid se implementering wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word.

7.4 AANVAARDING VAN NUWE BELEID OOR WERKNEMERBYSTAND (4/8/B)

'n Beleid oor Werknemerbystand is ontwikkel en het 'n werkwinkel op 15 Mei 2012 met belangegroep plaasgevind om die nuwe beleid te bespreek en insette te verkry.

Die gewysigde beleid is op 29 Augustus 2012 gesirkuleer met 'n versoek dat die beleid bestudeer moet word en dat enige verdere kommentaar teen 5 September 2012 ingedien moes word. Vakbonde het telkemale versoek dat die sperdatum vir kommentaar uitgestel word en is die beleid eers op die Arbeidsverhoudingeforumvergadering van 26 Maart 2013 aanbeveel vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeester.

Die Uitvoerende Burgemeester teken eksepsie aan dat die vakbonde nie betrokke wil wees by besluite aangaande werknemers wat hulle nie pas nie.

BESLUIT

- (a) Dat, met kommer kennis geneem word van beide IMATU en SAMWU se onbetrokkenheid by die proses en spesifiek die lang tydsverloop in die afhandeling van die proses;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Beleid oor Werknemerbystand goedkeur vir implementering met ingang van 1 Mei 2013;
- (c) Dat opdrag aan die Munisipale Bestuurder gegee word om met beide vakbonde in gesprek te tree om die sentiment van die Uitvoerende Burgemeester oor te dra.

7.5 VERHURING VAN GEDEELTE MEENTGROND TE MALMESBURY VIR LANDBOUDOELEINDES (12/2/4-8/4)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 13 Desember 2012 besluit om nie die ±43ha meentgrond, geleë aan die oostekant van Malmesbury (agter die voormalige inryteater) vir 'n verdere termyn te verhuur nie.

Die huurooreenkoms het op 28 Februarie 2013 verstryk en is die huurder, naamlik die Walters Groep dienooreenkomstig in kennis gestel.

Mnr Hennie Walters, namens die Walters Groep het die kantoor op 7 Maart 2013 besoek om te verneem of die Raad nie bereid sal wees om die huurooreenkoms te verleng tot 30 November 2013 nie, ten einde die boerdery in staat te stel om koring te plant.

BESLUIT/...

7.5/...

BESLUIT

- (a) Dat die huurtermyn ten opsigte van die verhuring van ±43 ha meentgrond te Malmesbury aan die Walters Groep vir landboudoeleindes, verleng word tot 30 November 2013;
- (b) Dat huurgeld ten bedrae van R15 000,00 vir die termyn aanvaar word, welke huurgeld vooruitbetaalbaar sal wees;
- (c) Dat geen verdere verhuring van die gedeelte grond na 30 November 2013 toegestaan sal word nie.

7.6 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE YZERFONTEIN EN ABBOTSDALE (12/1/3/1-1/1, 12/1/3/1-14/1)

'n Aansoek is vanaf die Departement van Vervoer en Openbare Werke ontvang om die volgende munisipale eiendom vir doeleindes van gesondheidsklinieke vir 'n verdere termyn by die Raad te huur, naamlik –

- gedeelte (±47m²) van die gemeenskapsaal geleë op erf 213, Abbotsdale;
- gedeelte (±14m²) van die gemeenskapsaal geleë op erf 208, Yzerfontein.

BESLUIT

- (a) Dat die voormelde huurpersele te Yzerfontein en Abbotsdale vir 'n verdere termyn van drie (3) jaar met ingang van 1 Augustus 2013 aan die Weskaapse Provinsiale Regering verhuur word vir doeleindes van gesondheidsklinieke;
- (b) Dat die huurgeld verhoog word na R760,00 per maand ten opsigte van Yzerfontein en R850,24 per maand ten opsigte van Abbotsdale, om jaarliks te eskaleer teen 'n koers van 8%;
- (c) Dat die Raad se voorneme in terme van sy Verordening insake die Administrasie en Bestuur van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar;
- (d) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekoste.

7.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND AAN DIE GOEDGEDACHT TRUST (12/2/R)

Die Goedgedacht Trust bedryf 'n baie suksesvolle jeugsentrum op Riebeek Kasteel as deel van hul *Path out of Poverty* (POP)-program.

Die oprigting van soortgelyke jeugsentrums in ander dorpe in die Swartland munisipale gebied, in vennootskap met die Goedgedacht Trust, is 'n ideaal wat deur die Gemeenskapsontwikkelingsafdeling nagestreef word.

In 'n skrywe gedateer 5 Maart 2012 het die Goedgedacht Trust hul bereidwilligheid getoon om verdere jeugsentrums op te rig en is moontlike persele geïdentifiseer vir hierdie doeleindes.

BESLUIT

- (a) Dat beginselgoedkeuring verleen word en by die Raad (Mei-vergadering) aanbeveel word dat gedeelte van erf 43 (groot ±2000m²), Kalbaskraal, erf 449 (groot 992m²) gekonsolideer met erf 450 (groot 788m²), Koringberg, erf 1651 (groot 1545m²), Chatsworth, erf 7893 (groot 2154m²) Riverlands en gedeelte grond (groot 597m²) geleë in fase 1 van die nuwe laekoste-behuisingsprojek, Abbotsdale en geoormerk vir crèche doeleindes, uit-die-hand vervreem word

7.7(a)/...

aan die Goedgeacht Trust vir uitsluitlike aanwending en verbetering van die grond as jeugsentrums;

- (b) Dat die grond vervreem word teen 10% van die markverwante munisipale waardasie plus BTW, soos volg:
- gedeelte ($\pm 2000\text{m}^2$) van erf 43 (7931m^2) Kalbaskraal teen R9 420,00 (munisipale waardasie = $R373\,500,00 \div 7931\text{m}^2 = R47,10 \times 2000\text{m}^2 = R94\,200,00 \times 10\% = R9\,420,00$)
 - erf 449 (groot $\pm 992\text{m}^2$), Koringberg gekonsolideer met erf 450 (groot 788m^2) teen R1 650,00 plus 14% BTW (munisipale waardasie = R16 500,00 in totaal $\times 10\% = R1\,650,00$)
 - erf 7893 (groot $2\,154\text{m}^2$), Riverlands teen R2 200,00 plus 14% BTW (munisipale waardasie = $R22\,000,00 \times 10\% = R2\,200,00$)
 - erf 1651 (groot $1\,545\text{m}^2$), Chatsworth teen R6 400,00 plus 14% BTW (munisipale waardasie $R64\,000,00 \times 10\% = R6\,400,00$)
 - erf (groot 597m^2) geleë in Abbotsdale nuwe laekoste-behuisingsprojek (teen 10% van die munisipale waardasie nog gedoen te word);
- (c) Dat die onderverhuring deur Goedgeacht Trust van fasiliteite/geboue op enige van voormelde persele in oorleg met Swartland Munisipaliteit gedoen word;
- (d) Dat 'n terugvalklousule by oordrag van die grond teen die titelaktes van die grond geregistreer word indien die grond in enige stadium in die toekoms nie meer vir voormelde doeleindes gebruik word nie;
- (e) Dat Goedgeacht Trust verantwoordelik sal wees vir alle kostes in verband met advertering en oordrag van die eiendom;
- (e) Dat die vervreemding van die grond in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar.

7.8 AANSOEK OM AANBOU VAN BRAAIKAMER BY MALMESBURY MUURBALBAAN (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die gebou waarin twee muurbalbane gehuisves word en wat geleë is op daardie gedeelte van erf 327, Malmesbury wat bekend staan as die Van Riebeek Tuin aan die Malmesbury Muurbalklub.

Die huurtermyn het 'n aanvang geneem op 1 Februarie 1993 en is van krag vir 'n onbepaalde termyn.

'n Skrywe gedateer 2 April 2013 is ontvang vanaf die Malmesbury Muurbalklub waarin aansoek gedoen word om 'n braaikamer uit eie fondse by die fasiliteit aan te bou waarin hulle besoekers aan die klub kan onthaal.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring aan die Malmesbury Muurbalklub verleen word om 'n braaikamer uit eie fondse aan te bou by die gebou wat die muurbalbane huisves, onderhewig daaraan dat die boumateriaal esteties moet inskakel by die bestaande gebou en dat dit op bouplanstadium oorweeg sal word;
- (b) Dat bouplanne by die bouafdeling ingedien word vir goedkeuring;
- (c) Dat die klub vrygestel word van die betaling van bouplangelde op munisipale eiendom;

7.8/...

- (d) Dat die verbeterings by beëindiging van die huurooreenkoms die totale eiendom van die Raad sal word sonder betaling van enige vergoeding aan die huurder.

7.9 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY KRIEKETKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury krieketfasiliteite aan die Malmesbury Krieketklub op 'n jaar tot jaar basis. Die bestaande huurooreenkoms verstryk op 30 April 2013.

BESLUIT

Dat alvorens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die hernuwing van die huurooreenkoms met die Malmesbury Krieketklub oorweeg, daar geleentheid gegee word met met die klub in gesprek te tree aangaande die gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig is.

7.10 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY TENNISKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury tennisfasiliteite (by die Dieprivier-sportgronde) aan die Malmesbury Tennisklub op 'n jaar tot jaar basis. Die huurooreenkoms verstryk op 30 April 2013.

BESLUIT

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Malmesbury Tennisklub aangegaan word vir die huur van die fasiliteite op 'n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 per jaar plus BTW;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes gehandhaaf word.

7.11 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat opdrag aan die Munisipale Bestuurder gegee word om by die volgende Bate-en Vlootvergadering 'n versoek te rig dat daar omsigtig met die Raad se eiendom en toerusting te werk gegaan moet word.

7.12 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HERBOU VAN LAEKOSTE EN ANDER HUISE WAT BRANDSKADE OPGEDOEN HET (17/3/1/1)

Behalwe vir die bystand wat verleen word aan laekoste-huise wat afgebrand het, bepaal die Rampbestuursbeleid dat daar by die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings vir fondse aansoek gedoen word indien die omvang van die skade sodanig is dat die huis gesloop moet word.

Fondse is bewillig uit Provinsie se *Emergency Housing Program* (EHP)-program om drie huise onderskeidelik in Malmesbury, Abbotsdale en Moorreesburg te herbou.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versoek word om die aksie van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in hierdie geval toe te laat in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelsel beleid:

7.12(a)/...

- (i) dat die aanstelling van ASLA DEVCO om die drie afgebrande huise (soos in hierdie verslag vermeld erf 8022, Malmesbury; erf 516, Abbotsdale en erf 4938, Moorreesburg) te herstel, goedgekeur word aangesien ASLA DEVCO se unieke patent ten opsigte van sy boumetode vir laekoste huise hulle onderskei van ander diensverskaffers;
- (b) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word ten opsigte van die goedkeuring om met die aanstelling van ASLA DEVCO voort te gaan.
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36 (2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: VOORSIEN EN INSTALLASIE VAN ADDISIONELE CHLOORDOSERINGSPUNT: PANORAMA RESERVOIR, MALMESBURY (8/2/2/1, 16/3/1/5)

Daar is in die 2012/2013 finansiële jare fondse vanaf die Departement van Waterwese bekom vir die installering van grootmaat watermeters by verskeie reservoirs en pompstasies regoor die munisipale gebied, onder andere by die Panorama-reservoir.

Op laasgenoemde projek was daar 'n besparing van R103 440,51 (BTW uitgesluit), maar is die bedrag verbeur aangesien die Departement van Waterwese slegs die befondsing uitbetaal het nadat die uitgawe aangegaan is.

Die munisipaliteit het terselfdertyd op tender uitgegaan vir die aanbring van 'n sekondêre chlorineringspunt van drinkwater by die Panorama-reservoir, en is daar besluit om nie 'n aanvang met die projek te neem alvorens die watermeters geïnstalleer is nie. Laasgenoemde het egter 'n verandering aan die uitleg van die chlorineringsstelsel te weeg gebring.

Die Munisipale Bestuurder doen in detail verslag aangaande die aanbring van twee doseringspunte stroomaf van die watermeters, in plaas van 'n enkel doseringspunt stroomop van die watermeters en die ekstra kostes wat die verandering genoodsaak het.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures afgewyk word vir die verkryging van die addisionele chloordoseringspunt, en wel om die volgende redes:
 - (i) dat die beperkte spasie tussen die reservoir en die krane, nie ruimte laat om die sekondêre chlorinering stroomop, met ander woorde tussen die kraan en die reservoir, te doen nie, weens die potensiële risiko vir skade aan die reservoir;
 - (ii) verder hiertoe is vasgestel dat hoë chloor konsentrasie wat deur die meters vloei die werking en lewensverwachting wesenslik kan beïnvloed en dit nie wenslik is om chloor stroomop van die meters te doseer nie;
 - (iii) voorts is die meters geleë direk op die vertakking van die enkele pyp en is daar 'n risiko dat chloor nie genoegsaam vermeng nie en daar 'n verwringing in doseringskonsentrasies kan plaasvind tussen een toevoernetwerk en die ander;
 - (iv) dat voormelde redes meegebring het dat die enkele doseringspunt vervang is deur twee doseringspunte stroomaf van die watermeters ten bedrae van R38 158,00 (BTW uitgesluit);
 - (v) dat Waterwese/...

7.13(a)/...

- (v) dat Waterwese goedkeuring hiertoe verleen het, onderhewig aan die spandering van hulle fondse voor einde Maart 2013 (Waterwese se finansiële jaar), derhalwe is die afwyking deur die Munisipale Bestuurder op 22 Maart 2013 goedgekeur, ten einde die taak voor maandeinde te volvoer;
- (b) Dat die bykomende bedrag van R38 158,00 gefinansier word uit Waterwese se goedgekeurde *Accelerated Community Infrastructure Programme* (posnommer 70-8056-7007-7-0);
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 VERANDERING VAN VOORTREKKERWEG BY KRUISING VAN ST THOMASSTRAAT, MALMESBURY (16/5/R)

Verskeie uitlegplanne vir die plasing van die voetoorgang in Voortrekkerweg is op die tafel geplaas.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om geleentheid te gee om die onderskeie uitlegplanne met Provinsie te bespreek.

7.15 WYSIGING VAN DIE ARGITEKTONIESE ONTWERPSHANDLEIDING VAN DIE GLEN LILY ONTWIKKELING, MALMESBURY (15/3/3-15/40, 15/3/6-15/24)

'n Versoek is vanaf die ontwerpsargitek van die ontwikkeling, naamlik *Chris de Hart Argitek* ontvang vir die wysiging van die argitektoniese ontwerpshandleiding wat die ontwikkelingspotensiaal van die erwe sal bevorder.

Die wysigings is deur die Afdeling: Beplanning en Boubehör nagegaan en word dit in orde beskou.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die wysiging van die argitektoniese ontwerpshandleiding van die Glen Lily-ontwikkeling, Malmesbury ingevolge artikel 29 van Ordinansie 15 van 1985 as volg goedgekeur word:

"...A1.2 – To be removed;

C3.3 There can be no window or door openings in any wall on the lateral or rear boundaries. Walls with opening must be set back a minimum of 1m from those boundaries..."

7.16 VOORSIENING VAN GAP-BEHUISING (17/4/2/3)

Die term GAP-behuising word gebruik om die gaping in die mark tussen behuising wat deur die Staat voorsien word (R100 000 en minder), en behuising wat deur die privaatsektor voorsien word (R300 000 en meer, BTW ingesluit), te beskryf.

Persone wat vir GAP-behuising kwalifiseer is diegene wat tipies tussen R3 500 en R15 000 per maand verdien.

Die *Finance Linked Individual Subsidy Program* (FLISP/GAP-behuising) is derhalwe ingestel om ook voormelde inkomste-kategorie die geleentheid te gee om 'n huis deur middel van 'n huislening te bekom, maar ook gedeeltelik gesubsidieer te word.

Die volgende areas is in die Swartland munisipale gebied geïdentifiseer vir GAP-behuising wat in lyn is met ons GOP, ROR en behuisingspyplyn, naamlik:

7.16/...

- Abbotsdale, 54 erwe
- Chatsworth, 12 erwe
- Darling, 75 erwe
- Malmesbury, 158 erwe.

BESLUIT

- (a) Dat die doelwitte van die GAP-behuisingsprogram ondersteun word;
- (b) Dat die Munisipale Bestuurder versoek word om vas te stel of die ooreenkoms en *Service Level Agreement* (SLA) wat aangegaan is tussen Swartland Munisipaliteit en ASLA, as implementeringsagent voorsiening maak of ASLA ook die diensverskaffer is vir GAP-behuising;
- (c) Dat indien ASLA, as implementeringsagent wel die diensverskaffer is, hulle opdrag gegee word om die uitlegte te beplan ingevolge die behuisingspyplyn en ook om voort te gaan met die omgewingsimpakstudie en dorpsstigting voorwaardes;
- (d) Dat indien ASLA nie ingevolge die kontraktuele ooreenkoms die diensverskaffer vir GAP-huise is nie, tenders ingewin word vir die GAP-projekte soos op die behuisingspyplyn aangetoon, óf as alternatief die Departement van Menslike Nedersettings versoek word om die *Professional Resource Team* (PRT) te versoek om hiermee behulpsaam te wees;
- (e) Dat die uitvoer van die goeagekeurde projekte onderhewig is aan die beskikbaarheid van grootmaatdienste;
- (f) Dat, ten einde bekostigbare behuising vir eerste huiseienaars beskikbaar te stel, geen gelde vir grondwaarde en kapitaalbydraes gehef word nie;
- (g) Dat voorkeur verleen word aan aansoekers op die munisipaliteit se databasis wat voldoen aan die vasgestelde kriteria;
- (h) Dat daar verder kennis geneem word – bloot vir volledigheidshalwe – dat indien die ooreenkoms en SLA tussen Swartland Munisipaliteit en ASLA nie voorsiening maak vir GAP-behuising nie, daar uiteraard 'n mededingende proses sal wees vir die aanstelling van 'n diensverskaffer vir die installering van dienste.

7.17 AFSKRYWING VAN SLEGTE SKULDE: GEWONE DEBITEURE, DESEMBER 2012 (5/7/1/1)

Die afskrywing van slegte skulde ten opsigte van gewone debiteure het op 13 Maart 2013 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien.

BESLUIT

Dat die werklike bedrag vir die afskryf van slegte skulde ten opsigte van gewone debiteure vir Desember 2012 'n bedrag van R137 600,70 (in plaas van R133 755,00) beloop.

7.18 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/3/1-9/1)

Die Raad verhuur die kantoor wat bekend staan as die ou Toerismekantoor te Moorreesburg aan die Moorreesburg Sportforum. Die huurtermyn verstryk op 30 April 2013.

BESLUIT

- (a) Dat die ou Toerismekantoor te Moorreesburg vir 'n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Mei 2013 aan die Moorreesburg Sportforum verhuur word ter uitvoer van hul administratiewe funksies;

7.18/...

- (b) Dat die huurgeld R10,00 plus 14% BTW per maand sal beloop;
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes sal bly geld.

7.19 UITSTAANDE DEBITEURE, MAART 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Maart 2013.

7.20 AFSKRYWING VAN SLEGTE SKULDE: DEERNISHUISHOUDINGS, DESEMBER 2012 (5/7/1/1)

Die afskrywing van slegte skulde ten opsigte van deernishuishoudings het op 13 Maart 2013 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien.

BESLUIT

- (a) Dat die werklike bedrag vir die afskryf van slegte skulde ten opsigte van deernishuishoudings vir Desember 2012 'n bedrag van R284 085,71 (in plaas van R289 244,05) beloop;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeester versoek dat Equitable Share-huishoudings opgevoed word in die benutting van basiese dienste, spesifiek ten opsigte van water waarop die meeste geld geskuld word, om hulle daarop attent te maak dat hul verantwoordelik is vir die betaling van water en elektrisiteit wat gebruik word meer as die gratis dienste wat ontvang word, naamlik 10kl ten opsigte van water en 50kWh ten opsigte van elektrisiteit.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**